



TOULEIER: Elke hond kry sy dag!

Waarskuwing – die Touleier is nie vir sensitiewe lesers nie

Spiedig vind ek uit hoekom ek daardie tyd in Taiwan, 'n Koreaan bo-op 'n puinstortingshoop vas aan die slaap gekry het in sy voertuig. Hierdie manne werk hard en speel nog baie harder. Die outjie daar in Taiwan kon seker die pas net nie volhou nie.

Ek word sommer gou vrinde met meneer Yoo, die Ingenieur met die lessenaar langs myne. Sagte siel. Hy spoeg en retireer die groen goed ook baie minder as sy maatjies. Dis een ding waaraan ek en kamermaatjie maar net nie kon gewoond raak daar doer in die Ooste nie. Maar genoeg van dit, daar kom nog baie erger dinge!

"Hou ek van Karaoke?" tolk Ralph vir my hier teen elfuur se kant die volgende oggend. Ek sien aan die liggaamstaal ek beter maar lieg en knik ywerig my kop. Ek was juis besig om te kopknik van vaakheid. Daar is niks so moeilik as om niks te doen en besig te probeer lyk in 'n kantoor vol werkende mense nie. "Ja, hoekom?" vra ek met nuwe energie.

"Wil jy saamkom?" Ralph leun vertroulik na my toe. "Die baas is mal daaroor" deel hy die staatsgeheim met my. "Maak solank klaar waarmee jy doenig is, ons ry oor 'n halfuur."

"Helder oordag?" vra ek effe oorbluf. "Nee man, ons begin met middagete dan gaan ons daarna." Ek slaan die lywige spesifikasie Bybels voor my toe.

Ralph wag vir my by die viertrek. Nog drie manne daag op en klim agter in. Die konvooi vleisvreters en aspirant sangers werk sy pad deur groen lappies ryslande. Die kêrels babbel opgewonde in Koreaans. Hier en daar vertaal my tolk. Hulle wonder hoe ek gaan vaar met die etery. Meer belangrik, met die singery daarna. Ek word aangepor om solank 'n oudisie te doen, sommer so in die ry.

Teen die tyd weet ek sommer al klaar watter liedjie altyd 'n treffer gaan wees. Makie saak watter land jy dit sing nie, hy werk altyd en almal sing altyd saam. Ek besluit egter om daai een te hou vir later. Vier mense as gehoor is te min vir 'n volle vertoning. Ek maak keel skoon en val weg met "My pa was 'n geoloog, en 'n geoloog was hy, bedags kap hy klippe en...(gesensor)" Hulle geniet dit. Dit lyk nie meer of hulle laaistokke ingesluk het nie.

Honde en 'n warm gevoel

Ons steek by 'n middelslag trokkie verby. So soort van 'n klein skaaplorrie. Daar is egter nie skape op nie. Het ek my verbeel? Was dit dalk honde?

Ek kyk Ralph vraend aan. Hy ontwikkel eers my vraag maar erken toe, ja dit is honde. Hulle is op pad stad toe, restaurante toe. Toe hy my vra of ek nog nooit hond geëet het nie, kon hy aan my gesig sien hoe draai my maag. Ek het nog altyd geweet die Koreane eet hond maar het nie besef op watter skaal nie. In die Filippyne het ons dit ook gesien. Daar is dit meer 'n uitsondering en jy eet altyd net jou buurman se hond, nooit jou eie nie.

So half verskonend vertel Ralph my hulle eet darem nie dwarsdeur die jaar hond nie. Meestal net in die winter. Ek vra toe of daar dan fout is met die vleis in die somer. Nee, meen hy, die vleis gee jou kwansuis 'n lekker warm gevoel. Iets wat ander vleise nie doen nie.


Nou wat nou?

By die restaurant aangekom tref die volgende gatslag my. Die tafels het nie pote nie. Plat op die grond. Daar is geen stoele nie!

UITGEWER: Hennie Greeff – hennie.greeff@gmail.com Onrusrivier

REDAKSIE: Barbara Potgieter – barbipot@gmail.com - Kaapstad

VERTALING: Bill Hewitt – Montague



Uit die Taalskatkis..

C. J. Langenhoven gesegdes


Die goedkoopste manier om aan jou lewensmiddel te kom, is om daarvoor te werk.

Die duurste is om dit te steel.



Daar is 'n geskenk wat niemand te arm is om te gee nie en niemand te ryk om dit te neem nie; en die naam daarvan is beleefdheid.

Daar het al beter mense geleef as ek en jy, en toe hulle dood is, het die wêreld darem sonder hulle aangesukkel.



Al kan jy jou kruis nie afgooi nie, dan kan jy tog jou ongeduld afgooi. Of jy kan dit saamdra as jy nog swaarder wil kry.

Uit die Wakis



Pas die volgende vier woorde by die regte prentjie(s) - party het meer as een betekenis:

Tell, Skoener, Polfyntjie en Snuiter


(sien bladsy 4 vir antwoorde)



**DIT IS WEER LENTE. DIS NET MOOI 'N JAAR NADAT
DIE VORIGE REDAKTEUR, EN TV REGISSEUR,
ORG POTGIETER VERHUIS HET.**



OM DIE KAMPVUUR



Ons dink aan Elria Wessels wat ongesteld is. Hier is nog een van die gediggies wat sy vir FB vriende uitgesoek het.-red)

Nog een van my geliefde digters se werk

Wonderwêreld

soms nog kinders kaalvoet klouter
opdraand teen die taaibosrand?
Pluk hulle bessies, skilpadbessies,
donker-rooies, bruines, géles,
nou nog in my kinderland?
Geur dit nog van peperbossies
en renoster- waar die aarde
ooplê teen die hemelrand?
Hoe verleë dool ons dikwels
mymerend deur die verre strate,
Moeg van stad en stadskoerant;
Hunkerend tussen die skare
eenling, eensaam in ons wese,
ver van huis en kinderland!

S.V. Petersen



Bladsy 3 se Antwoorde:

C= Tell: bewoningsterrein – Argeologie B = Skoener: Vaartuig met die seile, F,G&H = Polfyntjie: soort koekie of 'n aandenking of pand,
A&D = Snuiter: om 'n kerspit mee te knip , kleuter

BAKKIESBOEK BAKKERASIES


(Vinniges uit vuisboek)

Suurdeeg..



STUUR VIR ONS JOU
EIE JUWEELTJIES WAT
JY DALK AL TEËGEKOM
UIT JOU BAKKIESBOEK
LEWE!
hennie.greeff@gmail.com

VIRTUELE VERGADERINGS IS
EINTLIK NET MODERNE SEANCES.



"DAAR IS IEMAND WAT ONS WIL
BESOEK"

"LIESBET, IS JY DAAR?"

"ONS KAN JOU NIE HOOR NIE"

"KAN JY ONS HOOR?"

+27 82 687 3097 ~Ansa

Forwarded many times

Juffrou in die
skool vra vir
Klein Gatiepie:

"Wat is
"female"?"

Gatiepie: "Een
myl plus drie myl
is female".

19:14

How many guys
can you fit into a
matchbox?

Vieroutjies.

Plus

Forwarded many times

As mens so ge-ellie raak dat jy
jouself in die verkeerde groep bevind




13:57

Giggels



Handsak vir die vrou wat in SA bly.



Wat is meer skaars
as HoenderTande?
n man wat na
aandete sê: My lief
gaan sit nou bietjie
ek sal Skottelgoed
was



Ma: "Wie was Napoleon?"
Seun: "Weet nie".
Ma: "Jy moet meer aandag aan jou skoolwerk gee".
Seun: "Wie is Tannie Amanda"?
Ma: "Weet nie".
Seun: "Ma moet meer aandag aan pa gee".

1549




Ons Wonderlike Wêreld



foto: D. Potgieter



Baba pylstertjies lyk soos
ruimtesesentjies



Hallo Kitty

Die maan was so mooi,
die dam het 'n spieël opgehou.



BOEMERANG BOERTJIE

Ray Theron skryf van daar doer onder



Platvoete

My hele lewe lank het ek net respek vir die,(hoofsaaklik) mans in blou gehad.

My ma se jongste broer was 'n polisieman in Grabouw toe my ouma nog langs die polisieostasie gewoon het. Dit was vir Oom Piet, wat by haar gewoon het, die vinnigste moontlike pendel: by die voordeur uit, langs die huis af, deur die hekkie, om die huis en straatlangs tot by die lieflike ou sandsteengeboudjie. Niks meer as twee of drie minute nie. Elke somervakansie het my ouers ons saamgeneem Kaap-toe van waar in die land ons ook al in daardie stadium gewoon het, en elke keer het ek ure in die polisiekantoor deurgebring om na my oom en sy twee kollegas se stories te luister. Dit was die dae toe almal die polisie respekteer het, en booswigte dingesbang vir hulle was.

Daar was tye in my omswerwinge deur die land dat ek saam met die kinders van polisie in die klas was, en met die uitsondering van twee broers in Petrusville, was hulle duidelik ordentlik grootgemaak. In my tydjie by Die Burger het ek, omdat ek ongelukke en misdaad moes dek, baie met Caledonplein se manne te doene gehad, en hulle was deur die bank 'n gawe klomp. Op die eiland São Miguel was twee van my beste vriende polisie: die een 'n forse jong man en die ander 'n beeldskone jong dame.

En toe land ek in Melbourne aan. Skaars 'n paar dae daar, of ek sien hoe 'n dikkerd van 'n konstabel in die middestad staan en herkou aan 'n MacDonalds burger terwyl 'n vent binne meters van hom 'n vrou rondstamp en vloek. Net daar, oop en bloot in Swanstonstraat! 'n Week of wat later lees ek van 'n senior konstabel wat gevang is dat hy drank vir jong mense onder 21 gekoop het, teen 'n footjie, nogal!

Hier in Sydney het ek vinnig agtergekom dat oorgewig polisie algemeen is, dat hulle op 'n straathoek (soos 'n slag in Parramatta) saamdrom soos nagjuffertjies en lang geselsies met verbygaande maters aanknoop, ongeag van wat in die kruising voor hulle gebeur. En dan was daar die lat wat my afgetrek het, suiwer omdat hy nie die verskil tussen twee soorte wettige maniere van in 'n baan insmelt ken nie. Die patatkop het nie eens geweet dat 'n gebroke wit lyn beteken jy moet verkeer regs van die lyn voorkeur gee nie!

Kyk, ek het simpatie met die goeie polisiebeamptes wat gekniehalter word deur bangbroeke wat in bevel is en wat nie moeilikheid met die media of met sekere lae van die samelewing wil hê nie. Polisie in Victoria moes noodgedwonge die aftog blaas, eerder as 'n spul padvarke wat 'n residensiële straat as renbaan gebruik het te arresteer, suiwer omdat hulle omring was van 'n meerderheid van dronk jong skurke en nie geweld durf gebruik om hulself te beskerm en die wet af te dwing nie.

Maar deesdae stap die platvoete breëbors rond met hul boepense wat oor hul gordels hang en gaan aan asof hulle die aarde besit. Vir hulle het ek geen respek nie.

Vroue wat krap

Hulle sê talle argeoloë is vroue want vroue hou daarvan om in die verlede te rond krap!

Dit is miskien so of, miskien hou fotograwe daarvan om veral die vroue op “digs” af te neem!

Hoe dit ook al sy – ek is mal oor die reuk van ou stof.

Hulle lig die linoleum in die gang op en daaronder is die ou koerante. Hulle is aan die begin van die 20e eeu daar gelê. Hmmm, njammies.

Die stofstreep oor jou gesig op die tell in Israel, is duisende jare oud.

Jy ruik na gesonde sweet.

By Maleoskop steek net die oë by die masker van as uit.

Wanneer jy saans tuiskom, ruik jy na kaia en jou klere is vol strepe van die gebrande veld.

(Terloops - die veld is aan die brand gestee om ontslae te raak van los koeëls waarmee daar vantevore skyfgeskiet is.)

Nietemin: Asseblief, wanneer ons vanaand gaan inkruip, sit die sokkies en skoene buite.



foto:© B.Potgieter Doornbult 2007

TWEETALIGE GEDIGGIE

MY STORIES BEGIN AS LETTERS

My pen is my wonderland.
Word water in my hand.
In my pen is wonder ink.
Stories sing. Stories sink.

My stories loop. My stories stop.
My pen is my wonder mop.
Drink letters. Drink my ink.
My pen is blind. My stories blink.

Spreekkamer- Stories.

Met 'n lepel vol lag.

Dr. Fana Malherbe
Illustrasies
Fred Mouton



Ai, die Swartlanders kan darem lekker bry, die r kom so gesellig met 'n trilling van die kleintongetjie se kant af.

Dis 'n vriendelike en 'n warm klank wat daardie mense se geaardheid weerspieël.

Die vrou kom van Moorreesburg.

Sy is 'n bietjie geset na al die kindertjies, maar sy is 'n mooi vrou met 'n pragtige vel en ondeunde blou oë. Sy stoot die seuntjie vorentoe.

"Kyk tog weerg, dokterg — die oorge wil weerg nie gehoorg krgy nie." Die oor-, neus- en keelarts bevestig dat daar weer vog agter die drommetjies is.

Hy slaan 'n stemvurk teen sy hand om te bevestig dat die gehoor, soos altyd in hierdie gevalle, beter is agter die oor as voor die oor.

Die seuntjie hoor inderdaad niks aan die voorkant van sy oor nie, maar hoor duidelik die trilling as die instrument teen die been agter sy oor gedruk word. Dokter herhaal dit met 'n ander stemvurk terwyl die mamma toekyk.

Boetie hoor niks voor die oor nie.

Net agter die oor.

Voordat dokter, soos laas, 'n antibiotikum kan voorskryf, sê die ma:

"Dokterg, moet ons nie maarg sy oorge omdrgaai nie?!"



Briewebus:



Skryf gerus as jy iets op die hart het

'n Buitelander se Blik op Afrikaner Gewoontes

Linda Kestens

Dankie Linda! Jy is die enigste een wat die maand die pen opgeneem het om vir ons te skryf. Lyk my die rumatiek en die koue maak van die kuns van briewewisseling, n kwynende gewoonte onder selfs ons ou volkie!

Linda is oorspronklik vanaf België. Sy en haar man Paul, woon tans in Onrusrivier -red



Hallo julle,

Ons word genooi vir ons eerste tradisionele Sondagmiddagete by my vriendin Marina se huis.

Dit is 'n heerlike somermiddag en ons sit op die stoep met agt mense aan die etenstafel.

Die hoof aan die tafel, Peet Visser, neem sy vrou se hand en vra die seën. Daarna word daar 'n glasie KWV wyn geklink op ons nuwe vriendskap.

Wie weet watter onsedelike gedrag kon dalk onder die tafel plaasvind...

Ek kyk maar die kat uit die boom, wetend dat elke kultuur sy eie maniertjies het. Ek merk toe op dat die dames hulle hande op hul skote plaas gedurende ons kuier. Ek plaas toe ook my hande onder die tafel op my skoot, al voel dit vir my vreemd. Op kosskool in België by die nonne, moes jy sit met pols en hand bo die tafel.

Wie weet watter onsedelike gedrag kon dalk onder die tafel plaasvind. Ons begin toe eet aan gebraaide lamsboud, gebakte aartappels, rys, groente en pampoenkoekies.

Ons kuier lekker en op 'n punt word die prys van 'n huis bespreek. Ek blaker toe uit, "Ek dink dit is 'n billike prys vir so 'n moerse huis".

Skielik is daar 'n stilte en al die oë is op my gerig. Peet Visser bars uit in 'n bulderende lag wat onder uit sy maag op borrel. Ek kyk toe verbouereerd na my vriendin. "Wat bedoel jy nou eintlik?", vra Marina toe.

"'n Moerse huis, 'n baie groot huis", sê ek toe. Sy verduidelik toe aan my, sy verstaan wat ek bedoel, maar hierdie 'woord' word nie deur 'n dame gebruik nie.

Om die ys te breek, skep sy toe as nagereg, heerlike warm malvapoeding met vla en roomys.

Dieselfde jaar kry ek as verjaarsdaggeskenk, Emsie Schoeman se boek 'Goeie maniere en Etiket'."

Groete,

Linda

Agteros

.kort voor slaaptijd

Stories uit Dana Snyman se boek *Uit die binneland* – uitgegee deur NB uitgewers

DIE DERDE GLAS.

Oom Apie hou met sy Zephyr op die sypaadjie stil. Punch blaf by die draad.

"Voertsek!" skree my pa van die stoep af.

Oom Apie klim uit, buk en trek iets onder die Zephyr se seat uit. Dis 'n geweer — 'n ou langloop .303, nes Oupa s' n. Hy swaai dit oor sy skouer.

"En nou, ou Apie?" roep tant Sus van langsaan oor die draad. Oom Apie stoot die hekkie oop en kom met 'n diep frons tussen die oë in die paadjie aangestap.

Ek sit op die stoep se boonste trappie. My pa sit op ons ou Holden se agterseat voor die sitkamervenster. Hy het net sy vest aan, my pa, want dis warm.

"Dag, ou beesblaas," se oom Apie en vryf my oor die kop. Punch draf deur die hekkie en gaan ruik aan die Zephyr se tyres. "Dag, ou Dougie." Oom Apie kyk na my pa en lig die .303 van sy skouer af.

"Dag, ou Apie," sê my pa. "Sit."

Oom Apie stut die .303 teen die stoepmuurtjie en haal 'n pakkie sigarette uit sy hemp se bosak, waar sy brilhuisie ook is, en 'n sakboekie. "Ek maak daai hond vrek by my tyres!" Oom Apie skud sy vuus in die Zephyr se rigting. "Voertsek!"

Oom Apie trek 'n sigaret uit die pakkie, maak dit brand, sug die rook voor hom uit en sê: "Dis 'n bittere dag, ou Dougie 'n bittere, bleddie dag."

"Ja, ou wêreld," sê my pa. "So gaan dit maar."

Oom Apie stap tot op die punt van die stoep, draai om en stap terug; "sjiet-sjiet-sjiet" oor die rooi vloer wat Simon soggens met Sunbeam blink vryf. "'n Bittere dag." Hy tel die .303 op, loer deur die visier en maak dit weer teen die muur staan.

"Wat's dit met jou, hê, ou Apie?" vra my pa. "Wat's nou so bitter?"

Oom Apie kyk ontnugter na my pa. "Wil jy vir my sê jy't nog nie gehoor nie?"

"Wat gehoor nie?"

"Van dokter Verwoerd."

"Wat van hom?"

"Hy's vermoor — net na twee vanmiddag. In die parlement. Deur 'n dêm Griek met 'n dolk."

Opeens is my pa regop. Hy klap teen sy voorkop, gaffel sy vingers deur sy hare, stap tot by die voordeur, draai om, steek vas. Hy slaan met sy vuus na die varing in die tyre wat aan die dak hang. Hy stap die trappie af, oor die grasperk. Hy praat met tant Sus van langsaan by die draad en beduie na sy borskas.



Tant Sus gryp na haar mond. "O, liewe Heretjie, dis vreeslik!"

Oom Apie haal die Zephyr se sleutels uit sy broeksak. "Loop kyk gou in my boot, ou beesblaas." Hy hou die sleutel na my toe uit. "Daar's 'n hoendertjie. Bring hom gou vir my en jou pa."

Ek gaan sluit die Zephyr se boot oop en lig die swaar klap stadig, versigtig, want netnou vlieg die hoendertjie uit. Die boot ruik soeterig binne, maar ek sien nie 'n hoendertjie nie. Ek kyk oral, agter die spaarwiel, onder die groen seiltjie. Dalk het oom Apie die hoendertjie in die toolbox gedruk? Niks nie.

Onder die mat is 'n seekoeisambok, half agter die domkrag is iets wat in bruinpapier toegedraai is. Ek wikkel die papier oop. Binne-in is 'n bottel. Brandewyn.

Oom Apie het seker die hoendertjie by die huis vergeet. Ek draf terug stoep toe.

"Waar's die hoendertjie?" vra oom Apie.

"Ek sien hom nie, oom."

"Nee, ou Apie," se my pa, "hy't weer soos sy gat gekyk."

Oom Apie vat my styf met sy twee oë vas...

Oom Apie skiet sy stompie oor die muurtjie tussen die daisies in. "Sê vir jou oom wat het jy als gesien, beesblaas."

Ek noem op: die toolbox, die domkrag, die seiltjie. Oor die sambok bly ek liewer stil.

"En?" Oom Apie vat my styf met sy twee oë vas. "Wat het jy nog gesien?"

"Daar was 'n bottel ook, oom."

Oom Apie kyk na my asof hy my jammer kry. "Dis die bleddie hoendertjie," sê hy. "Loop haal hom. Toe, toe!"

Op pad terug met die bottel in my hand val ek amper oor Punch op die onderste trappie.

"Oppas, dêmmit!" roep my pa benoud.



Hulle stap in die gang af, my pa voor en oom Apie agterna, die .303 in sy hand. In die kombuis haal my pa 'n bottel koue water uit die yskas en drie glase uit die rak. Oom Apie maak die .303 teen die muur onder die kerkalmanak staan en gaan sit by die tafel. Ek gaan sit op die kolekas langs die stoof. 'n Flou streep sonlig val deur die venster, oor die botteltjies met die avokadopeerpitte op die vensterbank, oor die linoleum op die vloer.

Tant Sus van langsaan se stem dryf van die draad af deur die sifdeur: "Mens, het jy gehoor!"

My pa skink 'n sterk dop brandewyn in die drie glase. Een glas vat hy, die ander een skuif by tot voor oom Apie.

Oom Apie wys na die derde glas. "En daai een? Wie s'n is dit?" "Doktor Verwoerd s'n," sê my pa en skuif dit tot voor een van die leë stoele.